Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE**
**SENIOR SERTIFIKAAT**

# GRAAD 11

## NOVEMBER 2016

# VISUELE KUNSTE V2 (PRAKTIES)

**PUNTE: 100**

**TYD:**

**ONDERWERP 1:** **Moet gedurende die 3de kwartaal by die skool en/of tuis gedoen word. [50]**

**ONDERWERP 2:** **Moet gedurende die 4de kwartaal onder gekontroleerde omstandighede SLEGS by die skool gedoen word; 'n minimum van 6 uur en 'n maksimum van 24 uur. [50]**

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.

*IVSLAA*

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings.

   ONDERWERP 1: BRONBOEK/WERKBOEK/JOERNAAL
   ONDERWERP 2: DIE KUNSWERK

2. Beantwoord AL die vrae in ONDERWERP 1 en ONDERWERP 2.

3. Hierdie eksamen moet deur jou Visuele Kunste-onderwyser bekendgestel en gefasiliteer word.

4. In hierdie eksamen word daar van jou verwag word om die volgende vaardighede te toon:

   - Pas gevorderde benaderings onafhanklik en kreatief toe en genereer idees in reaksie op ’n projekopdrag

   - Toon ’n gevorderde graad van tegniese vaardigheid met die gebruik van ’n reeks materiale en tegnieke

   - Die vermoë om visuele en konseptuele probleme op te los in die skepping van verbeeldingryke en innoverende kunswerk, met die aanwending van ’n persoonlike en ekspressiewe visuele taal

   - Bestuur tyd en die werksproses doeltreffend en bied eie werk op ’n professionele manier aan wat die ekspressiewe en konseptuele impak van die werk versterk

5. Jou finale praktiese eksamen vir graad 11 verteenwoordig die hoogtepunt van jou Visuele Kunsstudies hierdie jaar.

   Jou kreatiwiteit, oorspronklikheid en vaardighede sal op hoë vlak ten toon gestel word. Mag jy dit geniet om hierdie kunswerk te skep en mag dit vars en oorspronklik wees en persoonlike ervaring oordra.

Kopiereg voorbehou Blaai om asseblief

## ONDERWERP 1: BRONBOEK/WERKBOEK/JOERNAAL

Die bronboek vorm ʼn belangrike gedeelte van hierdie eksamen. Jy mag by die skool sowel as tuis hieraan werk. Dit bied insig oor jou gedagtevorming/idees/sieninge/menings en alternatiewe wat jy ondersoek het, asook ander prosesse wat tot die finale werk gelei het. Jou bronboek moet al jou denkprosesse wat tot die skep van jou finale werk gelei het, duidelik oordra.

**Hierdie bronboek MOET duidelik as eksamenstuk gemerk wees en afsonderlik van jou jaarwerk se bronboek aangebied word.**

Direkte kopiëring vanuit tydskrifte, die Internet, ensovoorts, word NIE toegelaat NIE. Direkte kopiëring van ʼn visuele beeld wat nie jou eie is nie, **sal gepenaliseer word**. Dit is ʼn vorm van plagiaat en is onaanvaarbaar.

Die bronboek is deel van jou kreatiewe reis om die finale werk te ontwikkel en moet jou eie oorspronklike beelde reflekteer om jou eie interpretasie te ontwikkel.

**Die volgende moet gebruik word as ʼn riglyn vir jou bronboek:**

- Plak hierdie eksamenopdrag voor in jou eksamenbronboek.
- Voorneme/rasionaal, wat breinkaarte kan insluit, ensovoorts.
- Ondersoek, eksperimentering en navorsing van benaderings en/of idees, waarby ingesluit moet wees bronmateriaal soos sketse, tekeninge, foto's, beelde, poësie, lirieke en navorsing van kunstenaars wat jou geïnspireer het. Alle materiale moet verband hou met die ontwikkeling van **jou eie** werk en moet **jou** besluite staaf.
- Transformeer bronmateriaal en skep persoonlike en oorspronklike kreatiewe voorbereidende/komposisionele sketse en tekeninge wat op jou aangeduide bronne gebaseer is.
- Prosestekeninge.
- As jou projek meer proses-georiënteerd is, moet jy bewyse van die kreatiewe proses insluit deur deurlopende dokumentering met behulp van oorspronklike foto's, eksperimente, tekeninge en/of bygaande tekste.

## ONDERWERP 2: DIE KUNSWERK

**Die eksamenwerk moet in die teenwoordigheid van die Visuele Kunste-onderwyser in die kunslokaal voltooi word.**

## ALGEMENE RIGLYNE

1. Daar word van jou verwag om EEN kunswerk te skep in die **praktiese dissipline wat jy hierdie jaar gekies het**.

2. Jou werk mag aangebied word as ŉ enkele stuk, of moontlik in die vorm van ŉ diptiek, triptiek of ŉ reeks werke wat as een kunswerk gelees word.

3. Die kunswerk mag NIE uit die klaskamer verwyder word NIE. Dit word as ŉ **eksamen-onreëlmatigheid** beskou.

4. Jy mag die vraestel met jou Visuele Kunste-onderwyser bespreek VOORDAT jy met die finale kunswerk begin.

5. Daar is geen beperkings op grootte nie, maar die kunswerk moet hanteerbaar en duursaam wees ten opsigte van vervoer na ŉ eksamen-sentrum, indien die provinsie dit vereis.

6. Onthou die belangrikheid van kunselemente en beginsels soos **lyn**, **vorm**, **kleur**, **tekstuur**, **toonwaarde**, **ruimte**, **ritme/beweging**, **balans**, **harmonie**, **verhouding**, **gradering**, **verskeidenheid en komposisie**.

7. Daar is geen spesifieke voorskrifte rakende die styl van die werk nie. Dit kan naturalisties, ekspressionisties, dekoratief, abstrak, ens. wees.

8. Kies verbeeldingryke onderwerpe, temas, simbole en metafore om ŉ ekspressiewe, emosionele, konseptuele of perseptuele kunswerk te skep.

9. Jy mag ander media insluit om ŉ gemengde media-werk in enige van die praktiese dissiplines te skep.

## TEMA

# SOSIALE- EN OMGEWINGSBEWUSTHEID

Hierdie tema is bedoel om jou te inspireer en is oop vir ’n wye reeks vertolkings binne jou spesifieke dissipline. Jou vertolking moet die hoogtepunt wees van die kreatiewe proses waarmee jy in graad 10 begin het.

**Jy kan kies tussen sosiale- of omgewingsbewustheid**, **of jy kan die twee kombineer in jou benadering!**

**Woordeboek-definisies**

**Sosiaal (-siale)**
b.nw en bw
1: Wat betrekking het op menslike groepsverhoudings; op mense wat saamleef in ’n groep; maatskaplik. -siale geografie, nood ens
2: Gesellig samelewend

**Omgewing**
s.nw. (-s, -e)
**1:** Kring waarin mense verkeer; milieu: *in my daaglikse omgewing. Die invloed van die omgewing op ’n kind is groot.*
**2:** Die omstandighede, objekte of kondisies waardeur mens omring word.
**3:** Nabyheid: *In die omgewing van Kaapstad. Hy woon in hierdie omgewing.*
**4:** Streek, buurt: *Dis die omgewing waar die ministers woon.*

**Bewus**
b.nw. en bw.
**1:** In staat om te weet, te ken en te voel: *’n bewuste persoon*
**2:** met besef van, wetende: *Ek is bewus van die toestand.*
**3.** bekend, bedoel: *Op die bewuste dag. Dit is die bewuste persoon van wie ek gepraat het.*

**Bewustheid**
s.nw.
**1:** Besef van wat jy doen; toestand waarin mens dink en voel: *Met bewustheid handel*.

Kopiereg voorbehou 


Hierdie tema kan beskrywend, simbolies of meer metafories wees. Gebruik jou navorsingsmateriaal om ŉ oorspronklike en kreatiewe oplossing te vind en so ŉ waarlik individuele/persoonlike interpretasie van **Sosiale- en omgewingsbewustheid** te skep.

**Kunstenaars het hierdie tema op hul eie maniere en met hulpmiddels en tyd ondersoek en geïnterpreteer!**

Bestudeer en verken die volgende kunswerke met die doel om inspirasie te kry terwyl jy die betekenis van die woorde **'sosiale'**, **'omgewing'** en **'bewustheid'** in gedagte hou.



**FIGUUR 1:** Mollie Townsend, ***Drie Motswana Kinders***, olie op doek, ongedateer.



**FIGUUR 2:** Lucy Wiles, ***Moeder en Kind***, waterverf, ongedateer.



**FIGUUR 3:** Onbekende kunstenaar, ***Ou Dame Dra Vuurmaakhout***, piesangblare, ongedateer.




**FIGUUR 4:** Margaret Tredgold, ***Mbira-speler***, papier-uitknipsel, ongedateer.



**FIGUUR 5:** Pola Maneli, ***Al Daardie Mag***, olie, ongedateer.



**FIGUUR 6:** Willie Bester, ***Nee Vir Oorlog**,* Assemblage, 2004.




**FIGUUR 7:** Bjargey Ólafsdóttir: **Rooi Ysbeer**

Bjargey Ólafsdóttir is ŉ visuele kunstenaar, skrywer en direkteur van Reykjavík, Ysland. Die *Rooi Ysbeer* is een van die 350 EARTH kunsprojekte wat fokus daarop om mense te motiveer om oor hulle omgewing na te dink en hoe hulle betrokke kan raak om dit te verbeter. Die Rooi Ysbeer was gemaak uit rooi organiese kleursel om te verwys na die gevaar waarin ysbere verkeer as gevolg van klimaatsverandering.

*(Bron: flickr.com).*




**FIGUUR 8:** Helena Maratheftis, ***Selfridges Oseaanprojek***.

Helena Maratheftis is ŉ kunstenaar, ontwerper en illustreerder wat herwinde plastiek gebruik om beelde van seediere te skep. Sy doen dit om mense se aandag te vestig op die gevare van besoedeling in oseane, aangesien seediere soos see-skilpaaie dikwels doodgaan as hulle plastiek afval eet. Hierdie plastiekbeeld van ŉ lewens-grootte seeskilpad is ŉ toonbeeld hiervan.

(*Bron: helenamaratheftis.com*)



**FIGUUR 9:** Aida Sulova, **'Once Upon a Plastic Bag'**

Aida Sulova is ŉ straatkunstenaar wat ŉ veldtog geloods het om mense daaraan te herinner om verantwoordelik van hul vullis ontslae te raak. Die anti-plastiekveldtog is gebaseer in Kyrgyzstan en Sulova gebruik haar kuns om hierdie boodskap oor te dra. Deur gebruik te maak van ŉ vullisblik as haar doek, word die groot foto van die man ŉ simbool van hoe ons afval eendag sal terugkeer na ons lewens en ons sal affekteer.


*(Bron: sulova.com)*




**FIGUUR 10:** John Sabraw, '***Chroma Paintings'***

John Sabraw is ŉ kunstenaar en professor wat Wetenskap en Kuns versmelt om unieke kunswerke te skep. In sy skilderye gebruik hy gifstowwe om die gevolge van steenkoolmyn-besoedeling te beklemtoon. Hy onttrek die giftige slyk uit besoedel riviere en verander dit in ongelooflike kunswerke.

*(Bron: smithsonianmag.com)*



**FIGUUR 11:** Yiull Damaso, ***Die Drie Marionette***, olie op doek, 2014.
Hierdie skildery toon die kunstenaar, links, wat raad kry by Mac Maharaj, terwyl hy dobbel teen President Jacob Zuma.



**FIGUUR 12:** Sam Nhlengethwa. ***Die Sjebeen***, Handgedrukte fotolitografie, 2003.



**FIGUUR 13:** Kami Brodie, ***Pappa en Martha**,* olie en akriel op doek, 1992.

**Hou in gedagte: Die aangehegte beelde mag nie gebruik word vir jou eie kunswerke vir beide ONDERWERP 1 en ONDERWERP 2 nie! As jy dit gebruik, moet jy ’n totale nuwe benadering en komposisie verken!**

## Reflekteer nou op jou eie interpretasie van SOSIALE- EN OMGEWINGSBEWUSTHEID!

## ASSESSERINGSKRITERIA

MERKERS GAAN HIERDIE KRITERIA VIR ASSESSERING GEBRUIK.

### ONDERWERP 1: BRONBOEK

| KRITERIA | Dit sluit die volgende in: | Punte |
|---|---|---|
| **Konsep-ontwikkeling** | • Breinkaarte, benoemde sketse en tekeninge om konsep-ontwikkeling te toon | 10 |
| **Navorsing, ondersoek, eksperimentering** | • Dit moet **sommige of al** die volgende insluit:<br>o Sketse, tekeninge, foto's, visuele beelde, versamelde gedigte, lirieke en enige ander materiaal wat jou inspireer<br>o Navorsing oor kunstenaars wat jou geïnspireer het<br>o Eksperimentering met media en/of verskillende tegnieke<br>• Alle materiaal moet verband hou met die ontwikkeling van **jou** werk en **jou** besluite ondersteun | 15 |
| **Prosestekeninge** | • Ten minste 30% moet tekeninge wees om jou konsep-ontwikkeling te verduidelik | 15 |
| **Aanbieding en algehele voorkoms** | • Jou bronboek behoort uit 8–10 bladsye te bestaan | 10 |
| | **TOTAAL** | **50** |

### ONDERWERP 1: DIE KUNSWERK

| KRITERIA | Dit sluit die volgende in: | Punte |
|---|---|---|
| **Keuse en gebruik van materiaal/tegnieke** | • Geskiktheid van materiaal en tegnieke volgens die konsep<br>• Veilig en hanteerbaar<br>• Tegniese vaardigheid | 10 |
| **Gebruik van formele kunselemente** | • Die belangrikheid van kunselemente en kunsbeginsels, soos lyn, vorm, kleur, tekstuur, ruimte, ritme, balans, harmonie, proporsie en komposisie | 10 |
| **Geheelindruk van werk-oorspronklikheid, kreatiwiteit, innovering** | • Ontwikkeling van nuwe en unieke reaksies/oplossings | 10 |
| **Interpretasie en praktiese implementering van navorsing** | • ŉ Persoonlike interpretasie van ŉ tema<br>• Eksperimentering<br>• Pak nuwe uitdagings aan | 10 |
| **Voltooiing en aanbieding van kunswerk** | • Aandag aan detail<br>• Taak in aangewese tyd voltooi<br>• Aanbieding volgens taak | 10 |
| | **TOTAAL** | **50** |
| | **FINALE PUNT** | **100** |

## ASSESSERINGSKRITERIA VIR PRAKTIESE WERK

| | | |
|---|---|---|
| **Uitstaande** | 90–100% | Uitsonderlike vaardigheid, rykheid; insiggewend, hoë vaardigheid en kennis wat sterk uitgebeeld is; ondersteun deur ŉ ongewone keuse van relevante visuele verwysings. **Uitstaande en oorspronklike aanbieding**. |
| **Uitstekend** | 80–89% | Treffende impak, meeste van bostaande; detail; goed georganiseer en samehangend; afgewerk; vaardighede duidelik; ondersteun deur oorspronklike/ongewone/relevante visuele verwysings; aanbieding is oorspronklik en oorwoë; **klein foutjies word bespeur**. |
| **Baie Goed** | 70–79% | Goed georganiseer, soos bogenoemde, maar die 'glans' en 'sprankel' ontbreek; goeie vlak van bevoegdheid en geselekteerde inhoud; ondersteun deur goeie seleksie/relevante visuele verwysing; duidelike sorg en moeite gedoen met oorspronklike aanbieding; **ŉ paar teenstrydighede en foute sigbaar.** |
| **Goed** | 60–69% | Interessante visuele aanbieding; duidelike bedoeling; oortuigend; eenvoudige direkte gebruik van medium; toon begrip maar neig soms na die alledaagse en stereotipiese reaksie; voldoende keuse van relevante visuele verwysings; redelik moeite gedoen met aanbieding; **verwarrende/ooglopende teenstrydighede**. |
| **Gemiddeld** | 50–59% | Voldoende; voel meganies; nageboots of gekopieer; min insig; verbeeldingloos; enkele visuele verwysings nie altyd duidelik geïdentifiseer nie; gemiddelde aanbieding; **baie steurende teenstrydighede**. |
| **Onder-gemiddeld** | 40–49% | Genoeg materiaal/werk om te slaag; nie logies saamgestel nie; sommige insigbeelde; beperkte keuse van inligting; swak tegniese vaardighede kan bydraende faktor wees; min gebruik van visuele inligting; lomp of nalatige aanbieding; **benodig ondersteuning/motivering om te slaag**. |
| **Swak** | 30–39% | Visueel oninteressant; onkreatief; beperkte/swak tegniese vaardighede gebruik; min moeite gedoen om inligting op ŉ aanvaarbare wyse aan te bied; min of geen visuele inligting/verwysing; algemene gebrek aan toewyding; **benodig ondersteuning/motivering om te slaag**. |
| **Baie swak Druip** | 20–29% | Baie min inligting; nie maklik om te besigtig nie; **weinig of irrelevante werk/visuele inligting**. Geen moeite gedoen om werk op ŉ aanvaarbare manier aan te bied nie; algemene gebrek aan toewyding/samewerking. |
| **Onaanvaarbaar Druip** | 0–19% | Onsamehangend; **irrelevant, baie min of geen werk**; afwesigheid van beperkte vaardighede toegepas. Geen toewyding/samewerking. |

Kopiereg voorbehou